Familie en hulle dinge

Stel die Standaard

19 September—23September

Daar is vir elke dag ‘n *devotion*

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Maandag

Watch your temper!

Jakobus 1:19

“Julle moet onthou, elke mens moet altyd gereed wees om te luister na God se boodskap, maar hy moenie vinnig wees om te praat nie, hy moet eers dink voordat hy praat. Hy moet ook nie haastig wees om kwaad te word nie.”

Hierdie is seker een van die dinge wat ons die minste reg kry. Ons almal wil altyd eerste praat en ons wil gewoonlik nie na ander mense luister nie. Meeste van ons is hardkoppig en word dan ook sommer vinnig kwaad, en dit is eintlik glad nie nodig nie.

As kinders van God is dit nodig vir ons om hierdie dissipline deel te maak van ons lewe. Ons moet die regte ingesteldheid hê wanneer ons die bybel lees en dit is nodig om met ‘n oop hart te na ‘n diens te kom wanneer ons na God se boodskap luister.

Dink vandag hieroor:
Probeer vandag om eerste te luister en dan te praat, indien jy moet praat!

Blaai Om...

Gebed:

Here, help my asseblief om met die regte ingesteldheid na U woord te luister. Amen.

Dinsdag
What goes around comes around...

Spreuke 4: 23

"Jy moet baie versigtig wees wat jy dink, meer versigtig as met ander dinge, want as jy reg dink, sal jy aanhou lewe."

Jy ken daardie gesegte wat sê "wat die hart van vol is, loop die mond van oor", en as jy dit nie ken nie, dan moes jy dit al in mense se lewens gesien het.
Het jy al agter gekom dat mense aan die buitekant is, wat aan hulle binnekant aan die gang is.
En die bybel praat ook hiervan as hy sê dat ons 'n boom sal uitken aan die vrugte wat hy dra.

Hierdie vers is 'n groot waarskuwing vir elkeen van ons, juis sodat ons goeie mense kan wees wat die standaard sal kan stel.
Wat ons dink is op die einde van die dag wat ons sal wees, en ons moet mense wees wat God verteenwoordig in hierdie lewe.

Selfs in ons families/gesinne is dit belangrik dat ons die standaard sal stel. Ek weet nie wat jou *setup* in jou familie is nie, maar wat ek wel weet is dat niemand , behalwe jyself, vir jou kan toestemming gee om met 'n standaard te lewe wat God se goedkeuring wegdra nie.

Dit is harde werk om jou gedagtes elke dag gefokus te hou, en versoekings lê en wag om elke hoek en draai.
Paulus het oor dieselfde gesels en daarom het hy gesê dat mens elke dag jou gedagtes moet 'vernuwe' - so jy moet elke dag begin deur te fokus op God.

Dink vandag hieroor:

Begin vandag deur vir 2 minute te fokus op God. Sluit jou oë en chat met Hom.

Gebed:

Here, dankie vir U grootheid en liefde vir my. Help my om op U gefokus te bly vandag. Amen.

Woensdag
Where is the love?

Lukas 10:27

" Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en siel en verstand, en jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

As jy nie jou naaste kan liefhê nie, hoe kan jy God liefhê? Elke mens is geskape na God se beeld en jy moet elkeen ook so hanteer.
Dit is 'n basiese beginsel wat ons sukkel om toe te pas - ons moet drasties aandag gee daaraan.

Een van die grootste 'eienskappe' van ons geloof is LIEFDE! En as ons nie hierdie selfde liefde kan gee vir God en ander mense nie, sal ons ook sukkel om onsself lief te hê.

Almal verdien om deel te hê in God se liefde en ons het 'n *responsibility* om dit met mense te *share.*

Die wêreld wat ons in leef is elke dag vol geweld, haat, jaloesie, moord en ons kan nog baie goed noem, maar dit is juis dan ekstra nodig dat ons baie liefde sal deel met die wêreld.

Dink vandag hieroor:

Deel jy die liefde wat God vir jou het met jouself en met die mense rondom jou?

Gebed:

Here, dankie vir U liefde vir my en dankie dat ek dit met die mense rondom my kan deel.. Amen.

Donderdag
Almal het werk...

Almal van ons het eienskappe wat van ons 'lelike' mense maak.

Sommige mense aanvaar maar net dat hulle so is en doen glad nie moeite om daaraan te werk nie.

Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om aan onsself te werk om elke dag meer en meer soos Jesus te word.

Vat 'n paar minute en skryf die eienskappe van jou wat jy weet moet verander hier neer.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Die goeie nuus is dat ons nie so hoef te bly nie. Ons kan dit vir God gee en Hom vra om ons te help om te verander.

Dink vandag hieroor:

Elkeen van ons kan 'n beter mens word en ons kan deel hê in 'n ryker lewe.

Gebed:

Here, help my asseblief om 'n beter mens te word; iemand wat meer en meer optree soos wat U wil hê ek moet optree. Amen.

Al die leiers is op Facebook. As jy met ons wil chat oor enigiets kan jy ons add en jou vrae daar kom vra

Vrydag

Quite time

Hierdie hele week het ons baie gefokus op eienskappe wat in elke mens *visible* moet wees as hulle sê hulle is kinders van God.

Gebruik vandag om net rustig te wees. Geniet jou "*Quite Time*".

As daar 'n spesifieke gebed in jou hart is (versoeke, bekommernisse, dankbaarheid ens.) skryf dit hier neer.

Here,

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____Amen

Reminder:

Stel jy belang om gedoop te word? Kom chat met Quintin daaroor…

Tienerdoop—29 Oktober

_____

'n Idee van Quintin…

Geestelike groei in elke mens se lewe is baie belanrgik.

As jy al gesien het hoe jou lewe verander wanneer jy tyd saam met God spandeer dan sal jy weet dat dit regtig die moeite werd is. Dis is een van die *coolste* dinge wat ooit met jou kan gebeur! En ek wil jou motiveer om aan te hou met hierdie proses.

As jy nog nie so iets ervaar het nie, wil ek jou *challenge* om dit te begin doen. Gebruik ons *devotions* en maak seker dat jy ons dienste bywoon. Begin vandag!

Onthou jy kan ons *join* op ons Facebook *group* 'Revolusie' of volg ons op Twitter by 'EdenJeug'.

Lewe elke dag volheid.

Quintin.